MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

9 MARCH 2011

Mooi broodjies bak help niks – ANC bly rassisties

"Enige nie-rassistiese persoon wat oorweeg om nog vir die ANC te stem behoort sy kop te laat lees," aldus die leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP)., ds. Theunis Botha. Dit volg nadat ook die Instituut vir Raseverhoudinge in effek pres. Jacob Zuma se bluf geroep het oor die twisvraag of voorgestelde wysigings aan arbeidswetgewing bruin mense gaan benadeel of nie. "Ons gevoel is ook dat Zuma met sy versekering dat bruin en Indiërs nie negatief geraak gaan word nie, die saak eerder verdere vertroebel het as verlig het. Die kernfaktor bly staan dat die wet rasgedetermineerd, en rassisties is. Dit is duidelik dat die gesindheid van die opstellers was om etniese swart mense te bevoordeel, en die ander te benadeel, en dat hulle baie ver daarmee gekom het. Ons het ook eerstehandse kennis van bruin mense wat weens hul Afrikaanse vanne byna-byna ongesiens vir poste gediskwalifiseer is, en slegs in aanmerking gekom het omdat wit persone op die keurpaneel moeite gedoen het om die ander op die paneel te oortuig die kandidate is bruin. Ons wonder in hoeveel ander gevalle het bruin aansoekers, ook vir beursaansoeke, nie maar net die kous oor die kop gekry oor hierdie anti-wit ingesteldheid nie."

"Sedert Zuma se paaiery met die bruin mense en Indiërs, het Gwede Mantashe, sekeretaris-generaal van die ANC, die sluier na nie-rassigheid heeltemal afgeruk en openlik verklaar dat die wetgewing teen wit mense bedoel is, deur te stel dis bedoel om wit dominasie in die bestuurskader te beveg. Van wanneer af kan arbeidswetgewing – trouens enige wetgewing – in 'n demokrasie teen 'n spesifieke bevolkingsgroep gemik wees? In 'n demokrasie regeer 'n regering in algemene belang, en agterstande word deur aansporing en harde werk ingehaal, nie deur iemand in die grond te vertrap nie. Wit mense is nie al wat vir diskriminasie geteiken word nie – die regering het onlangs amptelik erken dat sowat 'n halfmiljoen ongebore babas in die laaste 7 yaar doodgemaak is sedert aborsies gewettig is. Die meeste bronne meen egter die land mik nou al ver oor die miljoen."

Icing the cake means nothing – ANC remains racist

"Any non racist person still considering to vote for the ANC, needs to have their heads examined," says Christian Democratic Party leader, Rev. Theunis Botha. Botha reacted after the Institute for Race Relations, in effect, called Pres Jacob Zuma's bluff on the disputed impact of proposed amendments to labour legislation and whether or not it will adversely affect coloureds. "We feel that Zuma's, assurances to coloureds and Indians that they will not be adversely affected has rather stirred than calmed the matter. The fact of the matter is that the legislation is racist and racially determined. It is clear that the intentions of the compilers were to advance black people and disadvantage others, and that they almost got away with it. We have first hand experience of coloureds who, because of their Afrikaans surnames, were almost excluded from interviews without even being seen by the panel, and were only interviewed because white members on the panel who knew they were coloureds, insisted that they also be interviewed. This causes us to wonder in how many cases, with bursary applications, applicants had been disqualified because of simple anti white sentiments."

"Since Zuma's assurances to coloured and Indians, ANC Secretary General Gwede Mantashe ripped the non racial facade wide open by stating that the legislation was aimed against whites and meant to fight white domination in managerial positions. Since when can labour legislation – in fact, any legislation – be aimed against a specific population group? In a democracy the government rules in the general interest, not only the interest of some, and disparity is addressed by incentives and hard work, not by trampling someone into the ground. White people are not the only ones against whom government is discriminating. Government recently admitted that approximately half a million unborn babies had been killed since abortion was legalised. Most sources are of the opinion that the real figure is much more than a million."